

27 November

Ons is ryk in Christus

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 8

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 8:9

Die Here is goed! Hy het ons in die Here Jesus Christus ryk gemaak. Hoe sal ons ooit 'n optelsom kan maak van die geestelike rykdom wat ons van Hom ontvang het? (Kyk na vers 7 waar enkeles genoem word.)

Ons is almal ryk in Hom – elke kind van God het alles in Christus ontvang en almal is ewe ryk. Om vir ons hierdie rykdom te gee, moes Christus egter arm word – arm aan hemelse heerlijkheid, arm aan aardse goed, arm aan vriende en arm aan liefde. So arm dat Hy uiteindelik ook in 'n ander se graf moes lê. Tog het Hy dit gedoen omdat Hy ons liefhet en omdat Hy ons daarmee 'n rykdom wou gee wat niemand kan steel nie en wat nie kan vergaan nie. Eintlik is Hyself daardie rykdom, want as jy Hom het, het jy alles wat in die hemel is. Dit is genade.

Die ellende is egter dat ons nie altyd mooi besef hoe ryk ons regtig is nie, en vanweë ons sonde geniet ons ook nie altyd hierdie rykdom nie. Laat ons die Here bid dat Hy deur sy Heilige Gees ons oë oopmaak vir die rykdom wat ons van Hom ontvang het. Wanneer jy besef hoe ryk jy eintlik is, sal jy ook nie skroom om met vrymoedigheid (self al is dit net 'n paar sent soos die arm weduwee by die tempelkis) te gee vir die gelowiges wat tydelike nood het nie.

Sing: Skrifberyming 11-3:5

Prof. Rikus Fick (Teologiese Skool)